BOEKBESPREKINGS

P. Nijkamp/J. Douma: *Het gelaat van de aarde,* De Vuurbaak, Groningen by Pro Rege Pers, Posbus 343, Potchefstroom, 141 blss., @ R3,25.

PREEKSTOF — die dominee se bekommernis. Ons predikante weet dat een woord wat ons oor die toekoms kan voorhou, dieper by die gehoor inslaan as honderd oor die verlede. Ons gereformeerde mense het deel aan ons wêreld. Daarom brand die probleme wat die wêreld bekommer ons ook. Hierdie boek het te doen met die leefbaarheid van die aarde vandag en die vrae wat m.b.t. die toekoms ernstig en indringend deur wetenskaplikes, soos Meadow e.a. in die sg. Club van Rome (op versoek van die Fiat-maatskappy 1968) bespreek is. Hier gaan gereformeerde skrywers met volop Skrifverwysings diep, verantwoordelik, nugter en krities in op probleme waaroor die Woord van God en die Belydenis lig werp. Ons mense beleef die krisis van 'n tweede Industriële Rewolusie wat outomatisering, die komper en atoomenergie (p. 15) veroorsaak het. Hulle soek daarom antwoorde op 'n legio vrae.

Ons leef in 'n verbruikerssamelewing (konsumpsiemaatskappy) met ongeremde welvaart- en vooruitgangstrewe, met skewe magsverhoudinge en milieubederf (p. 90). Dit word deur kritici soos Marcuse (p. 90) en ander aan die kapitalisme toegeskrywe, hoewel in kommunistiese lande dieselfde probleme rondom industrialisasie, verstedeliking ens. voorkom (p. 88).

Die probleme m.b.t. die eindige aarde met sy beperkte hulpbronne wat al haastiger verbruik en opgebruik word, verminderde energiebronne (steenkool, ru-olie, hout) bevolkingsgroei, milieuvervuiling, vergiftiging, besoedeling, beperkte voedselbronne en daarteenoor blinde vertroue dat tegnologie antwoorde vir elke probleem sal gee, beïnvloed en raak ons mense en hulle toekomsverwagting. Hieruit ontspruit die behoefte om brood en spele die plek van liefde tot God en naaste te laat inneem (p. 89).

Die verbruikerssamelewing skep 'n kroniese onvergenoegde samelewing (p. 92) en die vermoë om iets met danksegging te geniet, het verdwyn (p. 93). Onder die waan van „groei" en „ontwikkeling" word roekeloos roofbou, ontbossing, uitroeiing van flora en fauna, toegelaat (p. 12, 15). Mense vra wat is die sin van arbeid of ouerskap? Die jeug voel hulle ontuis in die Westerse „rat-race" en voel hulle aangetrokke tot oosterse godsdienste (p. 67 e.v.). Hulle is teleurgesteld in 'n absurde maatskappy met sy sinlose ontwikkelingsdrif op weg na 'n katastrofe. Dit skep 'n ongeloofs-pessimisme en fatalisme. Die skrywers ontleed die Westerse gerigtheid op die materiële krities. Hoe meer die mens in die materie opgaan, hoe minder stel hy in die skepping en sy medemens belang (p. 25).

Die skrywers weet as gereformeerdes dat die Woord van God op die probleme lig werp (p. 12). God het die mens met verantwoordelikheid oor die skepping beklee (p. 69). Vanuit „evenwichtige ontplooiing" van die aarde trag hulle te kom tot 'n ekonomiese strewe

na verantwoordelike ewewig in plaas van die ekonomie gerig op ongebreidelde kapitalistiese groei (p. 59, 84, 87).

Weber het beweer dat die kapitalisme die vrug van Calvinisme is (p. 23). Claus Jacobi het in 1970 die christelike vertolkings van Gen. 1 : 23 verantwoordelik gestel vir die blinde heerskappyvoering oor die aarde, die diere en die plante wat met uitputting, uitroeiing, ontbossing en vernietiging bedreig word. Maak Christendom van die mens 'n ongeremde uitbuiter? As dit waar is, vergryp die mens hom in die aarde aan 'n openbaringsboek van God (art. 2 NGB, Rom. 1, vgl. p. 29, 31). Calvyn en gereformeerdes soos Kuyper het waarskynlik te veel die „teenwoordige lewe" verag en daardeur die skepping onderwaardeer (p. 32 v.).

H. Berkhof het eerste aangetoon dat nadruk op die mens se verhouding tot God en die naaste sonder nadruk op die relasie tot die natuur, die mens laat ontspoor (p. 35). Die mens is juis rentmeester (ekonoom) van God en moet so Gen. 1 : 28 uitvoer (p. 39). Die natuur roep na die mens om hom teen die mens te beskerm (p. 40).

Die skrywers het oog vir die differensiasie in God se skepping teenoor die idee van een wêreld (p. 65). Daarom twyfel hulle of die Derde Wêreld presies soos die Weste gaan reageer. Die Woord van God moet in hierdie eietydse problematiek nugter en verantwoordelik bedien word sodat gedagtes en gedrag deur die Skrif en nie deur horisontale futurologie nie (p. 60, 91) gerig en desnoods gewysig word.

Wie van hierdie materiaal in sy preke gebruik sal na aanleiding van die drie vrae van Kant (p. 59) in sy preke vandag antwoord gee op: wat kan ek weet? Wat moet ek doen. Wat durf ek hoop? Daarom beveel ons hierdie werk vrymoedig aan vir studie met die oog op „preekstof" — selfs 'n reeks preke, waarin die christelike verantwoordelikheid as rentmeester en as dienaar van God belig word.

B. S.

Dr. Willem J. Ouweneel: *Operatie Supermens, Een bijbels-biologische blik op de toekomst,* Buijten en Schipperheijn, Amsterdam/De Vuurbaak, Groningen, 1975; 269 bls., sagteband. Prys R10,13. Verkrygbaar by Pro Rege Pers Bpk., Posbus 343, Potchefstroom.

Dr. Ouweneel is 'n jong, belowende en besonder aktiewe christelike wetenskaplike. Hy het biologie aan die Rijksuniversiteit van Utrecht studeer en in 1970 gepromoveer met 'n proefskrif oor die erflikheid en ontwikkeling van die *drosophilo.* Tans is hy verbonde aan die Koninklijke Ned. Academie van Wetenschappen en doen navorsingswerk in die ontwikkelingsgenetika. Oor die gebied van sy navorsing het hy reeds meer as 'n tiental publikasies die lig laat sien. Daarbenewens is hy 'n intensiewe student van die Woord van die Here en het 'n aantal bybelkommentare geskryf. Sy werk oor die skeppingsverhaal van Genesis is in Duits en Engels vertaal.

Bogenoemde werk is die produk van die dubbele belangstellingsfeer van die skrywer, nl. die biologie (m.n. die genetika) en die vir die gelowige om hom te oriënteer t.o.v. die brandende vrae

wat deur die geweldig vinnige ontwikkeling van die biologie opgewerp word. Op hierdie manier kom die etiese implikasies van die genetika en veral van die eugenetika ook ter sprake. „Wij zijn in staat de erfelijkheid van de mens en van de menselijke populatie grondig te beïnvloeden. Dit brengt uiters belangrijke ethische vragen met zich mee, waarin ik mij als Christen alleen mag (en wil) laten leiden door het Woord van God" (p. 21). Die genetiese probleme wat etiese vrae oproep, lê hoofsaaklik op twee biologiese terreine nl. die eugenese (die ondersoek na die genetiese veredeling van die mensdom) en die evolusieleer. Dit vorm dan ook die twee hooftemas van die boek: hoofstukke 2—5 handel oor die eugenese en sy implikasies terwyl die laaste twee hoofstukke handel oor die evolusieleer — sy „bewyse", veronderstellinge, vooroordele, implikasies en invloed op die geesteslewe van die Weste. Die skrywer toon oortuigend aan dat die twee temas „één probleemgebied vorm" (p. 21) en dat almal wat met die eugenetika dweep oortuigde evolusioniste is: om alles in die werk te stel vir die veredeling van die mens en te glo in die eventuele verskyning van die supermens, moet jy glo in die oermens van die gryse verlede!

Dit sou ons veels te ver neem as ons sou poog om hierdie ryk geskakeerde boek ook maar enigsins te probeer weergee in kursoriese vorm. Om egter te prikkel tot die lees van die boek word enkele willekeurige sake hier aangesny.

Die eugenese val uiteen in twee dele: *negatiewe eugenese,* d.i. die studie van wetenskaplike maatreëls om die uitbreiding van erflike siektes (bv. suikersiekte en hemofilie) te voorkom en die skadelike gene in die menslike bevolking te voorkom, en *positiewe eugenese,* d.i. die studie van metodes om die gunstige eienskappe in die mensdom te bevorder deur die aantal gunstige erffaktore te laat toeneem. Die metodes wat by die negatiewe eugenese gebruik word, is die genadedood (eutanasie), terapeutiese aborsie en geboortebeperking. Hierby kan ook nog „genetic counseling" gereken word. Die skrywer het op grond van die Skrif ernstige besware teen die etiese implikasies van die meeste van hierdie metodes en wys daarop dat hierdie metodes „nog slechts op heel magere resultaten mag hopen" (p. 39).

Die metodes van die positiewe eugenese is nog ingrypender en meer grillerig (maar ook asemrowend!). Hierdie metodes kan in twee groepe verdeel word, nl. dié wat gerig is op kunsmatige seleksie van gunstige erffaktore (wo. voortplantingsvergunning aan geskikte persone, kunsmatige inseminasie, inplanting van 'n bevrugte eiersel in 'n „moeder") en dié wat ingryp in die erflike aanleg self, die sg. „genetic engineering" (wo. „kloonvorming", d.i. die kweek van identiese mense in reekse — iets wat nog nie gedoen is nie maar op grond van die eksperimente van Gurdon met paddas, wel tegnies moontlik is — regulasie van gene en selhibridisasie). Nie een van hierdie metodes is nog (gelukkig!) op mense toegepas nie, maar dis in beginsel moontlik en, soos die skrywer self tereg sê, sidder 'n mens as jy dink wat kan gebeur as 'n diktator hom van hierdie metodes wil laat bedien.

Van Ouweneel toon m.i. oortuigend aan dat, afgesien van die

groot etiese besware teen alle metodes van kunsmatige seleksie, daar bloot geneties gesien nie veel te verwag is van hierdie metodes van „kunsmatige evolusie" (p. 131) nie. Hy voer hiervoor hoofsaaklik vier redes aan: (1) seleksie word geweldig bemoeilik omdat baie gewenste eienskappe poligeen en kwantitatief is; (2) die wegselekteer van slegte eienskappe kan ook goeie kenmerke laat verdwyn en omgekeerd; (3) as daar geselekteer word op één ideale genotipe gaan die genetiese verskeidenheid van die mensdom versteur word met kwade gevolge; (4) baie „goeie" kenmerke kom grotendeels onder invloed van die omgewing tot stand sodat seleksie hier weinig effek het.

Die skrywer bring gewigtige etiese besware in (verlies van verantwoordelikheid, geen eksperimenteer met mense) maar vat dit tog mooi saam in die één brandpunt: met hierdie metodes word die liefdesdaad en die voortplantingsdaad, wat God saamgevoeg het, uiteengeruk met onnoemlike psigologiese gevolge. Met verwysing na die skeppende *liefde* van God waardeur Hy ons met Christus *lewend* gemaak het (Ef. 2 : 4 v.) sê hy: „Voor de Christen blijven de liefdesdaad en de voortplantingsdaad onverbrekelijk aan elkaar verbonden, want hij is in het beeld van God geschapen" (p. 131).

Die skrywer se kritiek op die evolusieleer (daar is geen enkele genetiese meganisme bekend wat die evolusieleer kan verklaar nie!) is breedvoerig en omvattend. Hy toon duidelik aan dat die evolusionisme per slot van sake 'n geloof is en op geen enkele objektiewe bewyse (allermins op die fossiele en hulle datering) rus nie. Interessant is sy tekening van die invloed van Darwin se leer op die Weste; op die filosofie, die teologie, die politiek — hoedat daar polities links (kommunisme) en regs (nasionaal-sosialisme) op Darwin gesteun word.

Daar kom 'n supermens, sê die skrywer, maar hy sal 'n dier wees (Openb. 13). Die redding kom uiteindelik van die Seun van die Mens wat op die wolke sal verskyn.

Hopelik toon dié enkele grepe die aktuele vrae wat aangesny word, die wye belesenheid en kundigheid van die outeur en die belang van hierdie werk wat netjies versorg is en voorsien is van 'n biologiese woordelys, 'n uitgebreide bibliografie en 'n persoons- en sakeregister.

L. F. S.

D. C. S. van der Merwe: *Elke Sondag nagmaal*, s.b., 61 blss., (Pro Rege Pers Bpk. Posbus 344, Potchefstroom 1974), R1,30.

In hierdie werkie gaan die skrywer uit van die eenheid en onlosmaaklike band tussen Woord en sakrament, die bevel van Christus tot die herinneringsmaal en die noodsaak van geestelike voeding (p. 40). Prinsipieel lê dit vir hom opgesluit in die vierde gebod soos verklaar in die Heid. Kat., Sondag 38 (p. 48 e.v.).

Die ekskursie op die tweede diens en die oplossing in die rigting van preek-en-doop (Sondagoggend) en preek-en-nagmaal (Sondagaand) om die Rusdag weer feesdag te maak, wek die vermoede dat kommer oor die tweede diens ook tot hierdie gedagtes bygedra het. Nietemin word 'n werklike geestelike ontwaking van 'n ware en warm kerk (p. 52 e.v.) as voorwaarde vir weeklikse nagmaal gestel

en tereg gewys dat blote sinodale veranderinge in liturgie niksseggend is.

In die bespreking word waardevolle historiese gegewens oor nagmaalviering gegee. So was daar in die Vroeë Kerk van plek tot plek verskillende liturgië in gebruik (p. 18). Die gevaar bestaan dat die Hervorming teenoor Rome die Woord ten koste van die sakramente beklemtoon het (p. 20) en daarom na 'n preek-kerk (p. 51) geneig het waarin aan die saamdoen van die gemeente (p. 27) te kort gedaan is. Die gemeente moet steeds in die liturgie kan antwoord op die Woord van God (p. 42).

Dit is 'n interessante onderwerp en 'n eietydse en eie-kerklike besinning. Ongelukkig neig die werk dikwels na wydlopige betoë en ekskursies wat die eintlike onderwerp verskuil. Dit is byvoorbeeld moeilik om uit te maak waarom 'n inleiding van 15 bladsye oor *verandering* gegee word, wanneer die tema oor *nagmaal* gaan. Eweso bly paragrawe oor genade- en werkverbond, die skema skepping-herskepping-voleinding, die nagmaal as missie en eskatalogie dikwels los hang. 'n Mens sou hier meer konsentrasie en diepgang verwag het, waardeur waardevolle oorspronklike perspektiewe op die nagmaal duideliker sou geword het.

Sommige analises, soos bv. dat lidmate òf uit koudheid òf uit oorskatting van die heiligheid (p. 32) slegs een maal p.a. nagmaal bywoon, bied waarskynlik ook nie die volle prentjie nie. Wat van die moontlikheid dat hulle slegs konformeer aan 'n institusionele voorskriftelikheid wat met so 'n „minimum" verlief neem?

Die vraag is of daar nie te veel van *instellings (nagmaal en tweede diens)* gemaak en uitgegaan word asof die mens by die instellings moet aanpas en daarop aangelê is nie. In die werk ontbreek 'n diepgaande analise van die instellings as bedoel vir die mens (soos die sabbat vir die mens gemaak was, vgl. Mark. 2). Korreleer die wyse van nagmaal en die instelling van tweede diens met lewende en werklike behoeftes?

Dus 'n boekie wat 'n mens laat dink en laat vrae vra — wat nodig is.

B. S.

G. C. P. van der Vyver, P. J. Coetzee en P. W. Buys: *„Revival" of Reformasie? 'n Studie oor Metodisme.* Wetenskaplike Bydraes van die P.U. vir C.H.O., Reeks A, Nr. 18 1975. Verkrygbaar by die Universiteitsbibliotekaris. Gedruk deur die P.U.

Na 'n kort voorwoord waarin prof. W. J. Snyman wys op die betekenis van die Metodisme vir die moderne ekumenisme, verskyn uit die pen van wyle prof. G. C. P. van der Vyver: *„Die wordingsgeskiedenis van die Metodisme".* Daarin word die afwykende ekklesiologie en leerstellige dwalinge van Wesley en Whitefield in hulle historiese situasie blootgelê.

Daarna bespreek prof. P. J. Coetzee indringend *„Die Metodisme deur die bril van die Gereformeerde leer".* Hy toon oortuigend aan hoe Wesley die predestinasie verwerp het met die „praktiese, aktiewe en aggressiewe opvatting van die Christendom" (p. 18). Die genadeverbond het in die slag gebly en plek gemaak vir Arminianisme en

die algemene versoeningsleer. Versoening berus suiwer by die wilsaksie van die mens. Daardeur kan volmaaktheid op aarde bereik word. Die subjektiewe en oppervlakkige mistiek bring skeiding tussen die natuurlike en genadelewe (p. 32). So kom ook die „evangelized" teenoor „ecclesiastized" te staan (p. 33). Die Gereformeerde standpunt word telkens kort en duidelik teenoor die metodistiese afwyking gestel.

In 'n histories-kritiese slotartikel behandel prof. P. W. Buys *„Metodistiese invloede in Suid-Afrika"*. Hy wys op die deurwerking van metodisme in Suid-Afrika sedert 1795. Die Kaapse Kerk het 'n „verbond" met die metodisme gesluit waaruit die „opwekkinge" gevloei het — opmerklik genoeg in dieselfde jaar 1859 waarin die Gereformeerde Kerke herstig is (p. 45). Die figuur van ds. A. Murray met sy binne-kerklike evangelisasie word indringend bespreek — veral sy idee van 'n tweede Geestesdoop. Die bydrae word besonder waardevol wanneer dit die metodistiese invloede van christelike verenigings aan die orde stel (p. 60 e.v.). Aangesien dit nog uiters aktueel is, kan hierdie artikel met groot vrug vandag met die oog op 'n oriëntasie en konfrontasie gebruik word.

Die werkie kan gerus in ongeveer drie periodes vir belydeniskatkisante voorgeskryf word. Daardeur sal die gereformeerde belydenis en sy aktualiteit teenoor gangbare afwykende rigtings en agtergronde skitter.

Dit is opmerklik dat 'n Duitse predikant Rolf Sauerzapf van Stuttgart, ook vanjaar aan die A Fakulteit van U.P. gepromoveer het met 'n opskrif: *„Die Säkularisierung der Genfer Ökumene"*. Daarin trek hy die lyn oortuigend en goed gedokumenteerd vanaf Wesley na die Wêreldraad van Kerke deur. Wanneer ons dan in ag neem watter rol die W.R.K. vandag met sy P.C.R. teen Suid-Afrika en met verwante beweginge soos die Christelike Instituut en SACCA in Suid-Afrika speel, is dit duidelik dat 'n metodistiese teologie eintlik die basis vir die rewolusionêre gesekulariseerde „christelike" politiek in Suid-Afrika vorm. Begrip en kennis van metodisme het teologiese, kerklike, maatskaplike en politieke aktualiteit en prioriteit vir Suid-Afrika verkry. B. S.

J. A. Schutte: *Want Ek het honger gehad en julle het My nie te ete gegee nie.* Pro Rege, Potchefstroom.

In hierdie boekie (40 bls.) betree dr. J. A. Schutte die terrein waarop kommunisme en rewolusie vandag aktief is. Hulle sê dat die kerk met die kapitalistiese uitbuiterklas 'n onheilige verbond gesluit het. Die kerk hou sy oë dan toe vir die armoede en sing die mense aan die slaap met woorde van verlossing iewers buite hierdie lewe.

Die swaard in dr. Schutte se hand is die Skrif. Voordat hy sy „toepassing" op bl. 28 begin, groepeer en bespreek hy 'n menigte Skrifgegewens onder hoofde soos: Het ons die armes veral onder die nie-blanke Christene miskien vergeet? Die Messias in die O.T. en die armes; die groot Diakonos Jesus en die armoede, die jong Kerk van die Skrif met sy toegewyde liefde; God se oordeel oor wie die arbeider met sy loon afskeep; armes buite volksverbond ens.

In die lig van die oorvloedige Skrifgegewens suggereer dr.

Schutte versigtig wat hom bekommer: dat die kerke armoede, gebrek, behoefte nie raaksien nie. Daar word „min of nooit" oor gepreek nie. Dit is nie 'n agendapunt op kerklike vergaderings nie (bl. 3, 29). Iemand het 500 preke ontleed en was oortuig dat die predikers met „liefde tot die naaste" verleë staan. Hulle kan nie preek waaroor die Skrif gedurig, sterk en bewoë spreek nie (vgl. bl. 29).

Dr. Schutte roep die diakonie op om hulle oë oop te maak vir nood. Die diakonië in Bantoe-kerke bly werkloos (bl. 28). Die blanke kerke kollekteer haas nooit vir nie-blanke diakonale nood nie. Derhalwe sien dr. Schutte (tereg!) 'n wye moontlikheid waar die *woorde* van die evangelie ook met *dade* van evangelie deur diakonië en gemeentes begelei kan word.

Die werk van dr. Schutte prikkel dus tot besinning. As sodanig kan predikante vir prediking ouderlinge by die huisbesoek en diakens in hulle samekomste daaruit Skrifgegewens en toepassing met die oog op kerk-wees vandag vind. Die vertikale lyn van die evangelie mag inderdaad nie eensydig en ten koste van die horisontale beklemtoon word nie. Vertikalisme kan geen weerstand aan horisontalisme bied nie (bl. 26 e.v.).

Ek vind egter ook 'n swak punt in dr. Schutte se oplossing. Dit is m.i. deels *oorsaak* vir die kwaal. Hy bepleit eintlik net 'n herlewing van die diakonaat, die kerklike ampte, terwyl die Skrif juis telkens op hierdie terrein die *Christene* aanspreek. As die Christene herleef en doen — sal hulle die diakens iets laat doen. Die institusionalisme laat ons die kar voor die perd span. Dit gebeur elders ook met die „Vrou in die amp". Wie nie die amp beklee nie, staan dan skynbaar werkloos in die diens en kerk van die Here. Ons verwag alles van die clerus. Hulle moet kerk-wees en kerk-hou en kerk-doen. Laat die christene nood sien, individueel en in groepe en spontaan en georganiseerd, help soos gebeur het met die voorbeeld van die Studietrust (bl. 31). As lidmate kerk wil wees, sal die diakens spoedig hulle bene moet dra om te lei, te kanaliseer, te adviseer, te kommunikeer.

Die ideaal moet nie wees dat diakens die kerk trek nie, maar dat die kerk (broeders en susters) die diakens wakker maak. Hier kan mens dink aan klinieke in die stede waar christen-geneeshere, gereformeerde verpleegsters en andere swart medegelowiges op 'n georganiseerde patroon hulp bied; regsgeleerdes met hulle konsultasieure hou ens. Hier lê inderdaad vir Afrikaanse gereformeerdes 'n wye veld braak.

Die diakens kan met die brosjure wins doen. — Ons moet egter ook verwag, dat die Woord en Gees van God elkeen uitdryf om te doen en te gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het — en selfs sonder dat die regterhand weet wat die linker doen. B. S.